

POTCHEFSTROOM HERALD

Geplaas 05 Desember 2008

Grootste legkaart ter wêreld op Potch voltooi

'n Reuse legkaart van 24 000 stukke, glo die grootste ter wêreld, is deur 'n inwoner van Huis Eikelaan en haar dogter aanmekaar gesit.

Me. Martie Pretorius (77) het die legkaart, genaamd "Life" in 466 ure voltooi. Haar dogter, Jossie Williams van Pretoria, het eerste die legkaart voltooi wat haar 295 ure geneem het.



Williams was die eerste in Suid-Afrika om dit te voltooi. Sy het dit aanlyn van Holiday Puzzles bestel. Sy het aan die Herald vertel dat die legkaart in vier sakke met 6 000 stukke elk aan haar gelewer is. Sy het al die stukkies bymekaar gegooi voordat sy begin bou het en so ook die eerste persoon ter wêreld geword wat die legkaart voltooi het deur eers die stukkies vooraf te meng.

Ná sy die legkaart voltooi het, het sy dit opgebreek in stukke van 1000 tot 2000 waarna Pretorius dit begin bou het.

Pretorius het dit in blokke voltooi en die blokke daarna aanmekaar gesit.

Die legkaart het na voltooiing ses opslaantafels se oppervlak in beslag geneem. Dit is in die saal van Huis Eikelaan ten toon gestel. Die legkaart beeld aan die bokant die ruimte, in die middel landskap en diere en die onderste gedeelte seelewe uit.

Volgens Williams het sy die legkaart nou weggebêre en wil sy dit "eendag weer uithaal en saam met haar kleinkinders bou".

POTCHEFSTROOM HERALD

Placement 05 December 2008

Largest puzzle in the world completed in Potch

A giant puzzle which consists of 24 000 pieces, allegedly the largest in the world has been completed by a resident of House Eikelaan and her daughter.



Ms Martie Pretorius (77) completed the puzzle, named "Life" in 466 hours. Her daughter Jossie Williams from Pretoria, completed the puzzle first, in a time of 295

hours.

Williams was the first South African to complete the puzzle. She procured it online from Holiday Puzzles. She told the Herald that she received the puzzle in four bags of 6 000 pieces each. She combined the pieces before she started assembling the puzzle, thus becoming the first person in the world to complete the puzzle by first mixing all the pieces.

After she completed the puzzle, she broke it into smaller sections ranging between 1000 and 2000 pieces, where after Pretorius started on the puzzle.

Pretorius completed the blocks before the puzzle was assembled as a whole.

After completion, the puzzle covered the area of six fold-away steel tables. It was displayed in the hall of House Eikelaan. The puzzle portrays the cosmos and air at the top, landscape and animals in the middle and the sea life at the bottom .

According to Williams, the puzzle has been put away and will one day be taken out when she will build it together with her grandchildren.